LESSON TRANSCRIPT

# Advanced Audio Blog S1 #1 Top 10 South African Holidays and Festivals: New Year's Day

#1


COPYRIGHT © 2015 INNOVATIVE LANGUAGE LEARNING. ALL RIGHTS RESERVED.

In Suid Afrika is Nuwejaarsdag 'n feesdag, met partytjies oor die hele land.

In Suid Afrika is 1 Januarie 'n publieke vakansiedag, net soos in alle Afrika lande, of hulle nou Nuwejaarsdag vier op daardie dag of nie.

Hierdie vakansie val gedurende die warm somer so baie Suid Afrikaners spandeer die dag buite.

Die land se strande is ŉ gewilde bestemming, veral die Oos en Wes Kaap en die strande van KwaZulu-Natal. Suid-Afrikaners het ŉ voorliefde vir 'n braai op die strand, in die tuin of in die park.

Hotelle en kroeë reel ook enorme partytjies vir hierdie dag.

Kaapstad se Victoria en Alfred Waterfront is gasheer van een van Suid Afrika se grootste Nuwejaarsdag vieringe, daar is musiek, vuurwerke, heerlike maaltye en baie om te doen en te sien.

Vir sommige mense is 'n nugtere Nuwejaarsdag buite die kwessie.

Dikwels gaan hierdie partytjies deur tot die tweede dag van die nuwe jaar. Baie mense woon ook die Kaapse Karnaval op 2 Januarie by ter herdenking aan die 1 dag per jaar wat slawe toegelaat was om 'n dag af te neem.

Deelnemers oefen maande lank aan die liedjies of danse wat hulle sal uitvoer by die karnaval.

Hulle spandeer ook baie tyd aan die voorbereiding van hulle kostuums.

Soms begin die voorbereidings vir die karnaval al so vroeg soos Augustus of selfs Julie.

Klopse speel ook 'n groot rol in die Kaapse Karnaval, met tot 10 000 banjo spelers in die Distrik Ses strate op die pad na Groenpunt Stadium.